# SESSIE 2

## Geloof, die eerste generasie Christene
## (die eerste 100 jaar)



Verlede week het ons by ‘n paar belangrike gedagtes rakende geloof uitgekom.

- **Genade onbeskryflik groot.** ‘n Mens kan maklik vashaak by geloof as my eie poging om by die onsienlike, almagtige God te probeer uitkom. Geloof werk egter andersom. Dit is die verhaal van hoe die Here ons in die gebeure van die lewe vind, ontmoet en verander. Geloof is dus sinoniem met groei. Daar waar die lewe voor ons afspeel is die Here is besig om sy opwagting te maak om ons perspektiewe oor God, onsself, ander mense en die skepping voortdurend in ‘n nuwe lig te sien. Dit is “*amazing grace*” en nie ‘n swaarmoedige reis met die lig eers iewers aan die einde van die tonnel nie.
- **God se pad met elkeen is anders.** Ons is nie almal op dieselfde plek in ons geloofsreis nie. Moet dus nie toelaat dat verskille oor geloof die oorsaak is van konflik en spanning nie. Geloof behoort juis ons te help om enige mens, ongeag hulle standpunte, geloofsoortuigings of twyfel, te omarm. Gemeentes behoort ruimtes te wees waar mense die kans gegun word om self met die genadige God te kan reis en groei. Lees weer Kolossense 3:10-15. Vers 12 sê baie duidelik wat ons gesindheid teenoor mense wat moet wees wat hulle op verskillende plekke in die lewe bevind (lees ook Kol. 4:5).

**Wat is die kerk se storie? "Mense van die weg".**



Die storie van die eerste gelowiges in Jerusalem na die uitstorting van die Heilige Gees moet verstaan word teen die agtergrond van Judaïsme. Al die navolgers van Jesus, wat die dissipels en 'n baie klein getal[1] mense ingesluit het, het hulle nog deel gesien van die teologiese uitgangspunte van die Joodse godsdiens (Judaïsme). In hierdie eerste dekades was die begrip "Christene" onbekend en is daar binne die Joodse godsdiens na hulle as "mense van die weg" verwys (Hand. 9:2; 19:9,23; 22:4; 24:14,22). Hierdie benaming help baie om die aard en karakter van hierdie eerste geloof gemeenskap te verstaan.

"Mense van die weg" was nie net verwysend dat hulle volgelinge van Jesus Christus was nie (in wie hulle geglo het nie), maar ook tekenend van 'n besondere leefwyse wat hierdie geloof vergesel het. Volgens Handelinge 2:47 het hulle 'n hoë aansien onder almal geniet vanweë die omgee en sorg wat hulle leefstyl gekenmerk het (sien die uittreksel op die volgende bladsy). Die "weg" het dus prakties gestalte gekry in wat Paulus in Galasiërs die "vrug van die Gees" noem. In die midde van 'n wêreld waar onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusie, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en ander derglike dinge (die lys is met ander woorde nog baie langer) heerskappy gevier het, het hierdie groep met liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing geleef (Lees Galasiërs 5).

[1] Handelinge noem dat die getal van 120 (Hand. 1:15) waarna 3000 mense bygevoeg is (Hand. 2:41) en later na 5000 (Hand. 4:4) gegroei het.

# Buitengewone mense

"Christene word nie van ander mense onderskei deur hul land, taal of gebruike nie; hulle woon ook nie in hul eie stede nie, hulle praat geen vreemde dialek en het geen ongewone leefwyse nie.
Hierdie prediking van hulle is nie deur nuuskierige mense bedink nie; dit is ook nie bloot menslike leringe wat hulle soos party ander verkondig nie. Hulle woon in Griekse sowel as in buitelandse stede, net waar hulle geplaas is. Hulle volg plaaslike gebruike wat klere, kos en ander aspekte van die lewe betref. Terselfdertyd toon hulle egter aan ons die wonderlike en beslis ongewone vorm van hul eie burgerskap.
Hulle woon in hul geboortelande, maar soos vreemdelinge; as burgers deel hulle alles met ander, maar soos vreemdelinge verduur hulle alle dinge. Elke vreemde land is vir hulle net soos hul geboorteland, en elke geboorteland soos 'n vreemde land.
Hulle trou en bring kinders voort, net soos alle ander mense; maar hulle maak nie onwelkome kindertjies dood nie. Hulle bied aan om 'n tafel te deel, maar nie 'n bed nie. Hulle is tans 'in die vlees', maar hulle leef nie 'volgens die vlees' nie. Hulle slyt hul dae op aarde, maar is burgers van die hemel. Hulle gehoorsaam die staatswette, en doen in hul eie lewens meer as wat die wette vereis.
Hulle het almal lief, maar word deur almal vervolg. Hulle is onbekend en word veroordeel; hulle word doodgemaak en verkry lewe. Hulle is arm, en tog maak hulle baie ander ryk. Hulle het 'n tekort aan alles, en tog het hulle baie van alles. Hulle word onteer, en tog verwerf hulle daardeur heerlikheid.
Hul name word swartgesmeer, en tog word hulle onskuld bewys. Hulle word skandalig behandel, maar bewys respek teenoor ander. As hulle goed doen, word hulle soos boosdoeners gestraf; wanneer hulle gestraf word, jubel hulle daaroor asof hulle nuwe lewe daaruit kry. Hulle word deur die Jode as vreemdelinge aangeval en word deur die Grieke vervolg; nogtans kan diegene wat hulle haat, geen rede vir hul vyandigheid verstrek nie.
Om dit eenvoudig te stel – wat die siel vir die liggaam is, dit is die Christene vir die wêreld. Die siel is versprei deur al die dele van die liggaam, en die Christene deur al die stede van die wêreld. Die siel is in die liggaam, maar is nie van die liggaam nie; Christene is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie."

Uit die anonieme *Brief aan Diognetus*, moontlik uit die 2de eeu.



Die Christene het elke kans aangegryp om die goeie nuus met ander te deel.

Wat het die "mense van die weg" geglo wat hulle tot sulke besondere lewens aangespoor het? Die storie van die kerk is nie maanskyn en rose nie. Dit is vol intriges waarin gelowiges voortdurend moes onderskei hoe hulle op omstandighede gaan reageer. Dit is vervolgens waarna ons gaan kyk. Wat leer ons hieruit?


**Lees Handelinge 2:44-47. ‘n Harmonieuse gemeenskap**



‘n Model van die tempel in Jerusalem waar die eerste gelowiges volgens Handelinge nog gereeld in die pilaargang van Salomo bymekaargekom het (Hand. 3:11).

Na die uitstorting van die Heilige Gees, lees ons in Handelinge van ‘n klein groep Joodse gelowiges wat nog gereeld in die tempel bymekaar kom en steeds al die Joodse godsdienstige en kulturele gebruike nakom. Die prentjie wat ons kry is dié van ‘n harmonieuse Joodse gemeenskap wat nie gedink het dat hulle besig was om ‘n nuwe godsdiens (Christendom) tot stand te bring nie. Hulle was Jode wat bely het dat Jesus die langverwagte Joodse Messias (Christus) was en het deel uitgemaak van ‘n aantal verskillende Joodse groepe[2] wat in die tempel bymekaar gekom het.

**Lees Handelinge 6:1-15. Die realiteit van verskille**




Ons lees reeds egter vroeg in Handelinge van ‘n groeiende spanning in hulle geledere wat te doen gehad het met verskillende oortuigings. Dit het hoofsaaklik te doen gehad met die verskil in wêreldbeeld onder die navolgers van Jesus wat Hebreeus en Grieks gepraat het. Stefanus, ‘n Griekssprekende Jood, se toespraak in Handelinge 7 was gegrond op ‘n ruimer perspektief/interpretasie van Jesus se opstanding. Dit het egter sommige mede Jode so verwar en ontstel dat Stefanus daarvoor gestenig is (Handelinge 7:48-53) en waarna al die Griekssprekende Joodse gelowiges uit Jerusalem gevlug het uit die vrees dat dieselfde lot hulle gaan tref (Hand. 8:1-3). Dit is uit hierdie vlugteling gemeenskap wat

[2] Onder andere die Fariseërs, Saduseërs, Esseners en Selote.

hulle in Antiogië gevestig het, en nie die dissipel groep ingesluit het nie, dat die benaming “Christene” later ontstaan (Handelinge 11:26). Die begrip “Christene” was dus inklusief van ‘n ruimer perspektief waarin ook mense buite die Jodedom (heidene) kon tuiskom[3].

Dit was vir die meer behoudende dissipel groep in Jerusalem nie maklik om sin te maak van hierdie nuwe ontwikkeling nie en daar was verwag dat jy jouself eers tot die Jodedom moet bekeer om deel van die geloof gemeenskap te word (Joodse kulturele en godsdienstige gebruike nakom). Lees byvoorbeeld in Handelinge 10 hoe Petrus met die kwessie worstel en hoe hy die insig as te ware as ‘n bekering beleef (soortgelyk aan Paulus in Hand. 10:34-35).

Hierdie kwessie het egter met verloop van tyd net tot groter konflik, rusie en spanning aanleiding gegee en die geloof gemeenskap verdeel. Hoe gemaak met gevestigde beginsels soos die besnydenis en streng reëls oor reinheid wat vir so lank sentraal in hulle geloof gestaan het? Wat is nou essensieel as dit by die geloof in Jesus kom?

**Lees Handelinge 15. Die eerste kerksinode**



Handelinge 15, waarin kerkleiers moes besin oor hoe verskille in geloof oorbrug kan word, was die eerste “sinodesitting” van die kerk. Dit vertel die aangrypende verhaal waarin mense se integriteit (die van Paulus en Barnabas) nie in twyfel getrek word nie en hoe daar juis vanuit hulle geloof ruimte gelaat word om opponerende standpunte binne die een belydenis te versoen. **Hoe het hulle dit reggekry? Wat was die belydenis wat hulle verskille oorbrug het?**

[3] ‘n Mens moet onthou dat Handelinge ons slegs ‘n gedeeltelike perspektief gee op die tyd. Met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkstersondag het ‘n klomp ander verhale ontstaan wat nie in die Nuwe Testament beskryf word nie. Wanneer Paulus later op sy sendingreise vertrek getuig hy van groepe gelowiges waarvan hy nie self die gemeente gestig het nie. Die storie van die vroeë kerk is dus baie meer divers as wat ons aanneem.


Voordat die Bybel amptelik in die vyfde eeu tot stand gekom het as formele riglyn van geloof, het die eerste gelowiges (die eerste eeu) hulle geloof op ‘n baie eenvoudige manier in hulle gemeenskappe/kerke bely. Hulle het diep onder die indruk geleef dat <u>Jesus waarlik uit die dood opgestaan het</u> (Lukas 24:34) en dat hierdie <u>Jesus, Here en Christus is</u> (Jesus is die Heer) (Handelinge 2:36). In hierdie belydenis het die eerste gelowiges die essensie van hulle geloof verwoord.

1. Ons glo dat Jesus mens kom word het (Jesus se geboorte).
2. Ons glo dat Jesus gesterf het (Jesus se kruisiging).
3. Ons glo dat hierdie Jesus uit die dood opgestaan het. Hy is Heer en Verlosser (Jesus se opstanding).
4. Ons glo dat die Here tot vandag in sy Gees by ons teenwoordig is om mense lewens aan te raak en te verander.

“Die Here het waarlik opgestaan!”

“Jesus, is Here en Verlosser!”





Hierdie kragtige en eenvoudige belydenis is reeds van die begin vergesel deur 'n eenvoudige godsdienstige ritueel wat gelowiges, hoe verskillend hulle ook al mag wees, verenig het – **die nagmaal**. Tot vandag toe bly dit die enkele aspek van ons godsdiens waaroor alle Christene wêreldwyd saamstem en oral gereeld gevier word. Wat het die nagmaal dan so kragtig gemaak?



Die eerste gelowiges het die nagmaal anders gevier as vandag. Dit was aanvanklik nie 'n afsonderlike ritueel spesifiek vir mense wat kerk toe gekom het nie, maar eerder 'n volle maaltyd, of te wel liefdesmaal (*agape* maaltyd) wat hulle gemeenskaplike bande met God en mekaar versterk het (verbondsmaaltyd). Dit is in hierdie konteks dat Paulus na die nagmaal in 1 Kor. 11:17-34 verwys. Dit het egter met verloop van tyd ontwikkel tot 'n ritueel wat gevier is op die dag van die Jesus se opstanding (Sondag). Dit is baie interessant dat die *Didache* (eerste leerboek van die kerk wat rondom 100 nC tot stand gekom het) nie rakende die nagmaal spesifiek na Jesus se dood en opstanding verwys nie.

# Uittreksel vanuit die Didache rakende viering van die nagmaal

## Chapter 9. The Thanksgiving (Eucharist)

Now concerning the Thanksgiving (Eucharist), thus give thanks. First, concerning the cup: We thank you, our Father, for the holy vine of David Your servant, which You made known to us through Jesus Your Servant; to You be the glory forever. And concerning the broken bread: We thank You, our Father, for the life and knowledge which You made known to us through Jesus Your Servant; to You be the glory forever. Even as this broken bread was scattered over the hills, and was gathered together and became one, so let Your Church be gathered together from the ends of the earth into Your kingdom; for Yours is the glory and the power through Jesus Christ forever. But let no one eat or drink of your Thanksgiving (Eucharist), but they who have been baptized into the name of the Lord; for concerning this also the Lord has said, Give not that which is holy to the dogs. Matthew 7:6

## Chapter 10. Prayer After Communion

But after you are filled, thus give thanks: We thank You, holy Father, for Your holy name which You caused to tabernacle in our hearts, and for the knowledge and faith and immortality, which You made known to us through Jesus Your Servant; to You be the glory forever. You, Master almighty, created all things for Your name's sake; You gave food and drink to men for enjoyment, that they might give thanks to You; but to us You freely gave spiritual food and drink and life eternalthrough Your Servant. Before all things we thank You that You are mighty; to You be the glory forever. Remember, Lord, Your Church, to deliver it from all evil and to make it perfect in Your love, and gather it from the four winds, sanctified for Your kingdom which You have prepared for it; for Yours is the power and the glory forever. Let grace come, and let this world pass away.  Hosanna to the God (Son) of David! If any one is holy, let him come; if any one is not so, let him repent. Maranatha.  Amen. But permit the prophets to make Thanksgiving as much as they desire.

Die klem van hierdie besondere maaltyd wat hulle geloof vergesel het was dus nie soseer intellektueel van aard nie, maar 'n meer van 'n fisiese ervaring van God se genade deur die gemeenskap van gelowiges.

**VRAAG: Wat sou dit vandag beteken dat gelowiges hulle geloof bely in, "een heilige algemene Christelike kerk"? (Apostoliese geloofsbelydenis).**

**Wat dan van dwaalleer?**

Reg deur die kerk se geskiedenis het die woord "dwaalleer" dikwels ter sprake gekom. Ons hoor dit veral weer die afgelope tyd in dagblaaie waar gelowiges die kerk (dan veral gemik op die NG kerk) beskuldig dat hulle van die goeie en reguit leer afgedwaal het. Teenoor "dwaalleer" is die woord "ortodoksie" gebruik om uitdrukking te gee aan die beginsel van "die een" of "die ware" leer.

Alhoewel die belydenis, "Jesus is Heer" en die uitdrukking daarvan in die nagmaal gelowiges verenig het, was dit prakties nie so maklik nie. Ten spyte van die ooreenkoms onder leiers in Handelinge 15 om verskille te akkommodeer het spanning daaroor nooit werklik uit die kerk verdwyn nie. Lees in Romeine 14:1-23 meer hieroor. Wat is die perspektief wat Paulus ons hier mee wil laat?

***"Aanvaar die een wat in geloof swak is, sonder om met hom te stry as sy opvatting van joune verskil".***
**Romeine 14:1**

Die kwessies wat Paulus in Romeine aanspreek gaan onder andere oor “besny” of “nie-besny” nie. Daar was ook ‘n twis oor die dag wat Christene behoort te vier. Is dit die heilige Sabbat (Saterdag) of die dag waarop die Jesus uit die dood opgestaan het (Paassondag). In die midde van almal se sterk en opponerende geloofsoortuigings spreek Paulus hierdie aangrypende woorde is Galasiërs 5:6.

***WAT IS DIE EEN DING WAT VAN BELANG IS?***

*“In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie.* ***Al wat van belang is, is geloof wat deur liefde tot dade oorgaan”.***

Lees Galasiërs 5:2-12 (veral vers 12 moes hulle oë laat rek het). Lees oor verder in Galasiërs 5:13-15 oor hoe geloof volwasse mense verskille hanteer.

**Ortodoksie en ortopraksie**

Kom ons stop net vir ‘n oomblik by hierdie onderskeidende oorblik rakende geloof.

- Om net die regte goed op papier te bely (die Bybel en belydenisskrifte) is geen waarborg dat jy by die waarheid uitgekom het nie. Dit is wanneer dit wat ons in die Bybel en Belydenisskrifte bely deur liefde in dade oorgaan wat die waarheid opnuut voor ons ontvou (Gal. 5:6).
- Aan die ander kant is die vroeë kerk ook bedreig deur die gevaar van bygeloof, ‘n gebrek aan verstandige besluite en verskillende teorie oor God, Jesus, die Heilige Gees en hulle verband met mekaar (meer daaroor in die volgende sessie). Die insigte soos verwoord in die Bybel en Belydenisskrifte is nie koue dogmas, soos wat sommige gelowig dikwels voorgee nie! Ortodoksie en ortopraksie (die leer dat Jesus die Here is en die gedag wat daarby pas) staan nie teenoor mekaar nie. Dit waaroor die Bybel en Belydenisskrifte getuig (leerstellinge / dogmas) spruit vanuit werklike lewens krisisse, uitdagings en geleenthede waarvoor gelowiges te staan gekom het. Binne ons eie kerk tradisie glo ons dat hierdie getuienisse oor tyd heen deur

God geïnspireer is en ons help tot insigte en groei. Om dit in jou lewe te ignoreer en bloot op ervaring (ook dan geestelike ervaring) staat te maak sou dwaas wees.

**VRAAG: Hoe praat die storie van die eerste twee generasie gelowiges met jou oor geloof?**
**Wat kan ons vandag oor geloof by die eerste generasie gelowiges leer?**